

Merino in die Overberg. 'n Goeie weidingsbestuursplan
kan 'n verdubbeling in drakrag verseker sonder om
natuurlike hulpbronne te beskadig.
Foto: Liesl-C Schoeman



Deeglike kennis is mag

“Vee- en wildboerdery gaan lankal nie meer net oor hoeveel beeste of skape die boer aanhou nie, maar oor hoeveel vleis of wol per hektaar geproduseer word en uiteindelik die wins wat hy per hektaar maak,” sê prof Hennie Snyman van die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat.

“D aarom is dit noodsaaklik dat die veeboer die plante op sy plaas ken sodat hy kan weet in watter toestand sy veld is. Boere wie se veld in 'n swak toestand is, verhoog die intensiteit en frekwensie van klimatologiese droogtes en wat uiteindelik uitspeel in sogenaamde mensgemaakte droogtes.”

Prof Snyman het pas 'n boek, *Gids tot die volhoubare produksie van weiding*, die lig laat sien met inligting oor die beste bestuurspraktyke om die natuurlike hulpbronne volhoubaar te benut. Dit is ook die eerste weidingsgids in Afrikaans.



Prof Hennie Snyman van die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, wat pas 'n gids oor weiding die lig laat sien het.

Dit verskil van ander weidingsgidse omdat dit natuurlike veld én aangeplante weidings insluit. Selfs veekundige aspekte en die probleme wat ondervind word by die benutting van weidings word aangeraak.

In die 35 jaar wat hy as weidingkundige aan die universiteit verbonde was, het prof Snyman probeer om boere deur middel van gewilde artikels te motiveer om hul weiveld op verskillende maniere te verbeter en dus risiko's te verlaag deur reënval op 'n meer doeltreffende manier te benut.

“Dit was deurgaans my strewe om wetenskaplike navorsing te probeer deurtrek na die praktyk en die inligting makliker verteerbaar vir die boer te maak. My uitgangspunt was altyd om nie net navorsing te doen ter wille van navorsing nie, maar dat dit toepasbaar moet wees en ook aan die boere gegee kan word.

“My doelwit was om die veeboer te probeer oortuig dat hy streng gesproke nie met Merino's boer nie, maar wel met weidings. Die vee word slegs gebruik om beskikbare weiding in 'n bemerkbare kommoditeit wat geskik vir menslike verbruik is om te sit. Die produksie van vleis, wol en ander diereprodukte hang eerstens af van die beskikbare weiding of voeding.”

Prof Snyman sê net soos diere volgens raskenmerke beoordeel word, behoort elke veeboer van tyd tot tyd sy weiveld te beoordeel om die toestand of gesondheid daarvan vas te stel.

“Nuwe tegnieke word gereeld ontwikkel om die veldtoestand van weiveld vas te stel, wat nie alles op 'n praktiese manier aan die boere deurgegee word nie. Hierdie boek was juis 'n geleentheid om die nuutste veldevalueringstegnieke saam te vat.”

Die boek bevat ook 'n gedeelte met raad vir wildboere, soos die mees geskikte wildspesies vir bepaalde veldtipes.

Hy sê dit is dikwels moeiliker om met wild te boer as met skape en beeste. Die rede is dat daar verskillende benutters by 'n wildkompo-

nent voorkom. Die benuttingspatroon van elke wildspesie moet bereken word vir die volhoubare benutting van die ekosistiel. Aspekte oor hoe om dierspesies om te skakel na dieselfde benuttingseenheid word onder meer behandel.



Gids tot die volhoubare produksie van weiding is 'n lywige boek wat uit 18 hoofstukke bestaan. In die gedeelte wat oor natuurlike weiveld handel, word onderwerpe soos die veldtoestand, weidingskapasiteit en die impak van brand op weiveld behandel.

In die gedeelte oor aangeplante weidings handel van die hoofstukke oor voergewasse vir droogtetypen en -streke en probleme met die benutting van weidings.

Die inligting in die boek word aangevul deur 'n verskeidenheid bydraes van sowat 30 bekende wetenskaplikes (insluitende boere) wat die een of ander siening rondom weiding en die bestuur daarvan huldig. Van dié menings, wat die afgelope dekade op **Landbou.com** se gespreksforum verskyn het, is ook in die boek opgeneem.

Die boek kan bestel word by telefoon 021 406 4962, e-pos lbw@media24.com of deur na **Landbou.com** te gaan en op “Winkel” te klik. 